132/85

Saaknommer: 311/84

WHN

PHILLIP OOSTHUIZEN ............. Appellant

en

DIE STAAT ..................... Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

PHILLIP OOSTHUIZEN .................... Appellant

en

DIE STAAT ............................ Respondent

Coram: JANSEN, JOUBERT, ARR. et NICHOLAS Wn. AR.

Verhoor: 17 September 1985

Gelewer: 12 November 1985

---

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR.

/Op ........

Op 7 September 1983 is die appellant, 'n 25 jarige Kleurlingman, saam met drie ander Kleurlingmans in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling voor 'n hof bestaande uit VIVIER R en twee assessore op twee aan= klagte aangekla waarop hulle almal onskuldig gepleit het. Die eerste aanklag is een van poging tot moord ten aansien waarvan die appellant onskuldig bevind is. Die tweede aanklag is dat hulle Saterdagoggend 8 Mei 1982 die oor= ledene Jacobus Scheepers in die woonbuurt Riverview in die distrik Worcester vermoor het. Die appellant is op 21 September 1983 skuldig bevind aan moord met versagtende omstandighede waarvoor hy op 22 September 1983 17 jaar

gevangenisstraf opgelê is. Met verlof ingevolge art 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 kom die appellant na hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldig= bevinding en vonnis.

OP 10 Mei 1982 het die distriksgeneesheer dr Van Heerden 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van die oorledene gedoen. Die oorledene het 'n hele aantal steekwonde opgedoen sodat „hy redelik erg verniel is". Dit het gepaard gegaan met aansienlike bloeding. Die hoofoorsaak van die oorledene se dood was die insakking van sy twee longe wat deur steekwonde nrs 8 en 18 ver= oorsaak is. Steekwond nr 8 wat die regterlong binne= gedring het, was voor op die bors toegedien. Steekwond 18

wat die linkerlong binnegedring het, was links agter op die rug toegedien. Enigeen van hierdie twee steek=wonde kon die dood van die oorledene veroorsaak het.

In hierdie hof het Advokaat Pretorius namens die appellant, tereg na my mening, nie die verhoor=regter se bevindings betreffende geloofwaardigheid van getuies bevraagteken nie. Volgens die verhoorregter was die appellant 'n baie swak en onoortuigende getuie. Advokaat Pretorius het ook nie die verhoorregter se evaluasie van die getuienis aangeveg nie. Hy het toegegee dat die verhoorregter tereg die appellant se alibi as verweer verwerp het as nie redelik moontlik waar nie.

Dit was gemene saak dat die twee strydende bendes, die Born Free Kids en die Cape Town Scorpions, die betrokke aand met aanval en teenaanval in die woon= buurt Riverview en omgewing bedrywig was. Die oorledene het na bewering met die Cape Town Scorpions geheul terwyl die appellant 'n leidende rol by die Born Free Kids sou gespeel het.

Die oorledene het saam met sy moeder Sophie Scheepers in woonstel 4 op die grondvloer van Riverview= woonstelblok N gewoon. Die voordeur van die woonstel is te sien op foto E 1. Die voordeur verleen direk toegang tot die voorhuis of voorkamer. Vanuit laasgenoemde is daar 'n kamerdeur wat toegang verleen tot die enigste

slaapkamer in die woonstel. Punt A op foto E 1 is die venster van die voorhuis terwyl punt B die slaap= kamer se venster is. Indien mens by die kamerdeur uitgaan, kan mens òf regs deur die voorhuis na die voor= deur òf links deur die voorhuis na die kombuis gaan. Daar is 'n gang tussen die kombuis en die voorhuis met 'n opening in die deurgang wat omtrent 3 voet breed is sonder 'n deur. Die agterdeur/kombuisdeur is te sien op foto E 2.

Volgens die aanvaarbare getuienis was die relevante gebeure betreffende die doodslag van die oorledene kortliks soos volg. Die betrokke aand het die oorledene en sy vriendin Sylvia Boer saam in

/'n ..........

ŉ bed in die voorhuis geslaap terwyl Sophie Scheepers nog in die kombuis doenig was. Geduld Swarts het in die slaapkamer geslaap. Daar was ŉ geklop aan die agterdeur en toe Sophie Scheepers dit oopmaak, het die appellant die kombuis betree en gevra waar die oorledene was. Agter die appellant was ŉ groep manne wat agter hom die kombuis binnegestorm het. Hulle het almal skerp wapens in hul hande gehad. Sy het geweldig geskrik. Sy het die oorledene wakker geskree. Sy het by die voor= deur uitgevlug. Haar geskree het Sylvia Boer en die oorledene wakker gemaak en hulle het toe op die bed ge= staan. Die appellant was voor hul bed met ŉ mes in sy hand. Die appellant het haar van die bed geruk en die oorledene met sy mes gesteek. Sy het by die

/voordeur ......

voordeur uitgevlug toe ander persone die voorhuis vanuit die kombuis binnestorm. Geduld Swarts het wakker ge=word toe die elektriese lig in sy kamer aangeskakel word en die oorledene in sy slaapkamer is. Daar was 'n gat in die oorledene se kop en sy been het gebloei. Die oorledene was van groot vrees bevange. Wat van belang is, soos ek sal aantoon, is dat Geduld Swarts die kamerdeur net toegedruk het sonder om dit te grendel of te sluit. Hy het 'n rumoer in die woonstel gehoor. Iemand het 'n ruit van die slaapkamer se venster gebreek en probeer om die slaapkamer binne te kom. Die oor=ledene het uit die slaapkamer gehardloop om by die kombuisdeur uit te vlug terwyl Geduld Swarts deur die

voorhuis by die voordeur uitgehardloop het. Toe hy buitekant die woonstel is, het hy na 'n rukkie gesien hoe die oorledene om die hoek van die woonstelblok waar die bloekombome is, hardloop en die trappe opgaan na waar punt E op foto E 1 is. Drie persone was kort op die hakke van die oorledene. Hulle het die oorledene in die hardloop van agter gesteek. Hulle is saam met die oorledene die trappe op waar hulle hom gesteek het. Daar het toe 'n groep van ongeveer 15 gewapende manne om dieselfde hoek van die woonstelblok gekom maar hulle het nie die trappe opgehardloop nie. Hulle het onder op die grond by die trappe gewag totdat die drie aanvallers van die oorledene die trappe afgekom het. Hulle het toe almal saam die toneel verlaat. Die oorledene het bo

die trappe gelê vanwaar hy verwyder is om per ambulans vervoer te word na 'n hospitaal.

Na my oordeel het die verhoorhof tereg aan die hand van die aanvaarbare getuienis bevind dat die appellant die betrokke aand die woonstel binnegegaan het aan die spits van 'n groep persone en dat die appellant in die voorhuis die oorledene met 'n mes gesteek het. Die verhoorhof het ook tereg bevind dat die aanval op die oorledene in die woonstel gedoen is in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel om die oorledene aan te rand. Hierdie aanval op die oorledene in die woonstel was die eerste fase van die aanval op hom. Die verhoorhof het egter nie voldoende

/rekening.........

rekening gehou met die getuienis van Geduld Swarts dat die oorledene slegs 'n gat in sy kop en in sy been gehad het toe die oorledene by hom in die slaapkamer gekom het nie. Op die stadium toe die oorledene in die slaap=kamer was, het hy volgens Geduld Swarts se getuienis nog nie een van die noodlottige steekwonde nrs 8 en 18 opgedoen nie. Insgelyks het die verhoorhof geen ag geslaan op die getuienis van Geduld Swarts nie dat hy die kamerdeur slegs toegedruk het en nie gesluit het nie nadat die oorledene die slaapkamer binnegestorm het. Hierdie getuienis is van die uiterste belang omdat daar niks was om die appellant te verhinder om die slaapkamer

binne te gaan indien hy sy aanval op die oorledene wou voortsit deur hom na die slaapkamer te agtervolg nie. Hierdie getuienis dien as feitebasis vir die enigste redelike afleiding dat die appellant op daardie stadium nie van voorneme was om die oorledene te agtervolg en aan te rand nie. Hierdie getuienis dien ook as feitebasis vir die verdere redelike afleiding dat die appellant nie die opset gehad het om die oorledene te vermoor nie. Vergelyk in hierdie opsig die feite wat uitgelaat is uit die uitspraak in S v Benjamin en 'n Ander, 1980(1) SA 950 (A) soos dit in die Hofverslag gerapporteer is. Die uitgelate feite wat betrekking gehad het op die omstandig=hede waarvolgens die beweerde poging tot moord gepleeg

sou gewees het, is aangehaal in S v Moloto, 1982(1) SA 844 (A) soos blyk op bl 854 H tot 856 C.

Daar is geen getuienis voorhande dat, toe die oorledene uit die slaapkamer en die woonstel gevlug het en die tweede fase van die aanranding op hom plaas=gevind het, die appellant die oorledene agtervolg en aangerand het nie. Ofskoon Geduld Swarts by punt D op foto E 1 gestaan het en ofskoon daar 'n elektriese lig op die trappe by punt E op foto E 1 geskyn het, het hy nie die appellant onder die drie agtervolgers van die oorledene bespeur nie. Windvogel wat vir die appellant getuig het en die appellant ken, het die drie agtervolgers identifiseer en die appellant was nie een

van hulle nie. Daar is ook geen getuienis voorhande dat die appellant homself bevind het in die groep van 15 persone wat om die woonstelblok se hoek tot onder by die trappe gekom het nie. Insgelyks is daar geen getuienis voorhande dat die appellant die 3 agtervolgers op enige wyse ondersteun, aangemoedig of gehelp het nie. Geen getuienis toon aan dat die appellant hom met die optrede van die 3 agtervolgers op enige wyse vereenselwig het nie. Na my oordeel het die verhoorhof derhalwe fouteer deur te bevind dat die Staat daarin geslaag het om te bewys dat daar ŉ kousale verband tussen die optrede van die appellant en die dood van die oorledene bestaan het.

Gevolglik het die verhoorhof fouteer om die appellant skuldig te bevind aan moord op die oorledene. Waarin die Staat wel geslaag het, is om te bewys dat die appellant skuldig is aan aanranding met die opset om die oorledene ernstig te beseer. Dit is in terme van art 258(b) van die Strafproseswet 51 van 1977 'n geoorloofde skuldigbevind= ing op die tweede aanklag van moord in die onderhawige geval.

In die lig van hierdie foute deur die ver= hoorhof by die skuldigbevinding van die appellant op die tweede aanklag van moord is hierdie Hof bevoeg in terme van art 322(1) van die Strafproseswet 51 van 1977

om in te gryp wat die skuldigbevinding en vonnis betref deur sy eie mening vir die van die verhoorhof te substitueer. Die persoonlike omstandighede van die appellant asook sy vorige veroordelings is volledig voor hierdie Hof sodat hierdie Hof bevoeg is om self 'n bevoegde vonnis op te lê sonder om dit na die verhoorhof terug te verwys. Die appellant is sedert 15 Junie 1984 op borg vrygelaat. Na inagneming van al die relevante faktore wat op die appellant betrekking het asook al die tersaaklike feite in die onderhawige geval met inbegrip van die belange van die samelewing is ek van oordeel dat hierdie Hof 'n vonnis van 3 jaar gevangenisstraf as 'n behoorlike en gepaste vonnis behoort op te lê.

/Die ......

Die resultaat is dan soos volg:

Die appellant se skuldigbevinding aan moord en sy vonnis van 17 jaar gevangenisstraf met betrekking tot aanklag 2 word tersyde gestel en vervang deur 'n skuldig=bevinding aan aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor gevangenisstraf van 3 jaar opgelê word.

C P JOUBERT, AR.

JANSEN AR )
Stem saam.
NICHOLAS Wn AR )